Nuusbrief vir 30 Mei 2019

Hoërskool Swartland

NUUS

Uit die skoolhoof se kantoor

30 Mei 2019

Skoolbywoning gedurende die eksamen: Ons vestig u aandag daarop dat dit 'n WKOD-regulasie is dat skoolbywoning gedurende die eksamen verpligtend bly vir alle graad 8-11 leerders, al skryf die leerder nie die dag eksamen nie. Slegs graad 12-leerders het die vergunning om te mag blok.

Klerebank tye

29 Mei 2019

Van Maandag 27 Mei af sal die klerebank op die volgende tye oop wees:
Maandae, Woensdae, Vrydae: 08:30 - 13:30

Matrieksertifikate 2018

29 Mei 2019

Die matrieksertifikate van 2018 het gearriveer en kan by die skool se ontvangs afgehaal word. Die persoon wat dit kom afhaal, moet net 'n identiteitsdokument saambring. U kan ons help deur hierdie nuus te versprei. Dankie!

Mikayla presteer in pluimbal

29 Mei 2019

Mikayla Ritter is gekies om 'Cape Winelands' te gaan verteenwoordig by die SA O/19 Pluimbal Interprovinsiale en Ope Kampioenskappe wat van 29 Junie tot 6 Julie in Kaapstad sal plaasvind. Baie geluk, Mikayla, en baie sterkte vir hierdie uitdaging!

Rugby prestasies

29 Mei 2019

Die volgende seuns het Bolandspanne gehaal:
O/18: Fernnin Arendse, Estean Herman en Marlo Bester
O/16: Romeal Swartz en Reuben Tharratt
Baie geluk aan hierdie seuns!

Rugby uitslae

29 Mei 2019

HSS vs Vredenburg:
14A wen 45-0, 15B wen 41-12, 15A wen 52-12,
16A wen 28-7, 19C wen 27-7, 19B wen 47-10, 19A wen 57-6.

Netbal prestasies

29 Mei 2019

Die volgende dogters is tot die Weskusspan verkies wat aan die Interdistrikstoernooi gaan deelneem:
O/14: Zeté Adams
O/15: Mané Visser en Danél Visser
O/16: Kiné Davids
O/17: Marnic Ligthart, Micheala van der Westhuizen en Inge von Wielligh
O/18: Mikayla Ritter en Liezel van der Merwe
Baie geluk aan hierdie dogters!

Netbal uitslae

29 Mei 2019

HSS vs Vredenburg:
14A wen 31-5, 14B wen 21-7, 14C wen 20-5, 14D wen 18-7,
15A wen 41-6, 15B wen 35-5, 15C verloor 4-17, 15D wen 12-0,
16A wen 23-10, 16B wen 23-8, 16C wen 20-0,
17A wen 20-5, 17B wen 35-4,
18A wen 37-11, 18B wen 26-11, 18C wen 34-4.
Topskole uitslae:
O/18 wen Porterville 24-18, wen Lutzville 25-8, wen Vredendal 21-17.
O/15 wen Vredendal 13-12, wen Augsburg 18-13.
Hulle dring deur na die Topskole komende Saterdag in Kuilsrivier.

Eisteddfod sluitingsdatums

29 Mei 2019

10 Julie: Paarl Vallei inskrywings - alle kunswerke en skryfstukke ingelewer by mev Hunlun-van Zyl

Skoolfonds, koshuislosies en busgeld: 2019

29 Mei 2019

Die volgende tariewe is vir 2019 goedgekeur:
Skoolfonds: R16 300 per jaar per leerder.
Koshuislosies: R27 700 per jaar per leerder. Geen subsidie of afslag is op koshuislosies van toepassing nie.
Busvervoergeld bly tans onveranderd op R8000 per jaar per leerder vir die vol roete. Enige verandering sal aan die betrokke ouers deurgegee word.

Skool, koshuise, bus, rekening nommers

29 Mei 2019

Skoolfonds: (Navrae: Mev P van der Westhuijzen)
Rekeningnaam: Hoërskool Swartland, NEDBANK Malmesbury,takkode 154605, rekeningnommer 103 982 7438
Koshuislosies vir dogters: (Navrae: Mev D de Klerk)
Rekeningnaam: Huis van Zyl, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 983 1311
Koshuislosies vir seuns: (Navrae: Mev D de Klerk)
Rekeningnaam: Huis van Imhoff, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 983 0463
Busvervoer na en van Riebeek: (Navrae: Mev D de Klerk)
Rekeningnaam: Hoërskool Swartland busdiens, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 982 9058
By die verwysing moet u asb u kind se leerdernommer (skoolfonds) OF naam en van volledig intik.

School Communicator Mobile App

29 Mei 2019

Besoek hierdie skakel op u selfoon en laai die skool se Communicator af. Blackberry, iPhone en Android toestelle.
http://school-communicator.com/download.php

Indien u liewer verkies om elke Vrydag 'n harde kopie van die nuusbrief op papier te ontvang, kan u kind hierdie nuusbrief elke Vrydag by mev De Klerk se kantoor gaan afhaal. Slegs 'n beperkte aantal harde kopieë word gemaak.

KALENDER vir 30 Mei 2019 - 6 Junie 2019

31st Mei 20191st Junie 2019
Rugby kustoernooi

3rd Junie 2019
Gr 11 profielbespreking 13:30

6th Junie 2019
Interskole vergadering (tuis)
13:30

HULPBRONNE bygevoeg in die afgelope 7 dae

Bullebakkery en kuberbullebakkery beleid

http://downloads.d6communicator.com//downloads/resources/245_resource_5cebe3ba70d41734599638.pdf

Mei 24 Nuusbrief

http://downloads.d6communicator.com//downloads/resources/245_resource_5ce687b2b764f047121101.pdf

Wil jy die nuus kry soos dit gebeur? Kliek hier om die lessenaar kommunikeerder af te laai.